BYBELSTUDIE OPENBARING LES 5: 1:13b-20

In Openbaring 1:9-13a vertel Johannes van sy aangrypende roepingsvisioen. Hy is op die eiland Patmos waar hy die visioen ontvang. Johannes is daarheen verban omdat hy van Jesus Christus getuig het. Hy verkeer in Geesvervoering en moet sy boodskap aan die sewe gemeentes in Klein-Asië neerskryf. Die visioen vind plaas op die dag van die Here wat ons kan verstaan as die Sondag – die Opstandingsdag van Jesus Christus.
Toe Johannes, volgens die visioen omkyk om te sien wie met hom praat, sien hy die verheerlikte Christus in die middel van die kerk staan. Aan die eenkant sien hy Hom "soos die Seun van die Mens". Daarmee verwys Johannes terug na Jesus se menswees op aarde. Aan die ander kant is daar egter ook 'n groot verskil. Johannes sien Hom ook in sy Goddelike Majesteit. Vanaf vers 13b word dit aan ons beskryf [Les 5].

1. LEES: Vers 13b; Eksodus 28:4; 29:5; 39:27; Lukas 12:35.
   [Let op: in Lukas 12:35 word dit duidelik dat die gordel of band van 'n slaaf of 'n werker gewoonlik om sy heup gedra is].
   - Volgens vers 13 dra Jesus Christus 'n lang kleed. Waarheen verwys die kleed en wat sê dit van Jesus se posisie in die hemel?
   - Waarom is die goue gordel om sy bors en nie om sy heup nie?

2. LEES: Vers 14a; Daniël 7:9 [1983 en 1953 vertaling]; Openbaring 3:4; 4:4; 7:9.
   [Let op: in Daniël 7:9 [1953-vertaling] word van die *Oue van dae* gepraat teenoor *Hy wat ewig lewe* [1983-vertaling].
   In Openbaring word wit dikwels as die kleur van die hemel aangewys].
   In vers 14 sien Johannes die gesig van die Here Jesus. Hy haal weereens aan uit Daniël 7:9 waar van God gepraat word en pas dit toe op Jesus Christus. Sy hare was so wit soos wol. Wat beteken dit?

3. LEES: Vers 14b – "...en sy oë het soos vuur gevlam"; Daniël 10:6; 2 Kronieke 16:9.
   Wat is die boodskap van Jesus se oë? Let veral op die brandende fakkels wat *alles verlig*.

4. LEES: Vers 15; Daniël 10:6; Eksodus 24:17; Deuteronomium 9:3a; Jesaja 33:14.
   Volgens hierdie gedeelte [vers 15] is Jesus Christus se voete soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei.
   - Wat beteken die gloeiende voete van die Here?
   - En sy stem soos die gedruis van 'n groot watermassa?
     LEES: Esegiël 1:24; 43:2.

5. LEES: Vers 16 "...en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uitgekom"; Johannes 1;1; Hebreërs 4:12; Openbaring 2:13,16; 19;13,15,21.
   Presies wat verkondig die skerp tweesnydende swaard uit Christus se mond?

Aan die einde van vers 16 word die hele visioen van die Here saamgevat met die beeld van die son wat op volle sterkte skyn. Johannes wil dus eintlik sê: Christus se hele voorkoms het gestraal van sy heerlikheid. Om na Hom te kyk is oorweldigend. In verse 17-20 lees ons wat die uitwerking van die gesig op Johannes was en ook die opdrag wat hy ontvang het.

6. LEES: Openbaring 1:11 en 1:19.
   Johannes ontvang twee keer die opdrag om neer te skryf wat hy gesien het. Hoe verskil die opdrag in vers 11 van vers 19? Wat sou u sê is die opdrag van vers 19?

7. LEES: Vers 20 [1953 en 1983 vertaling]; Openbaring 1:1; Matteus 11:10; Markus 1:2 [Let op: in Matteus en Markus word die Grieks vir engel met boodskapper vertaal].
   Die probleem met vers 20 is dat die oorspronklike taal [soos die 1953 vertaling] nie van “leraars” praat nie maar van engele.
   Wie is hierdie engele van vers 20? Is hulle hemelwesens of menslike boodskappers? Waarom sê u so?

ANTWOORDE.

1. Die lang kleed wat Christus dra, verwys na ’n tipiese kleed van die Hoëpriester in die Ou Testament [Eks.28:4]. Nou, na sy hemelvaart, is Hy ons Hoogste en Ewige Hoëpriester wat vir ons as Voorspraak by die Vader intree.
   En die goue band om Christus se bors? Die band of gordel om die heupe van ’n persoon, was ’n teken dat hy ’n slaaf of ’n arbeider was. Dit was dus ’n simbool van diensbaarheid – van werk wat nog gedoen moet word. Die goue band om Jesus Christus se bors verduidelik dat sy werk [versoeningswerk] afgehandel is. So is die goue gordel ’n beeld van sy koninklike heerskappy aan die Regterhand van die Vader.
2. Johannes sinspeel deurlopend op wit. In veral Openbaring is wit die kleur van die hemel. Dit is die woonplek van Jesus Christus. En sy hoof so wit soos *wol*? Dit word so voorgestel na aanleiding van Daniël 7:9. Hiermee word nie gesê dat Hy blond is nie, maar eerder dat Hy in sy grootheid en heerlikheid so deur lig omglans was, dat sy hare soos wit of skoon wol gelyk het. Daarmee saam weerspieël dit die volmaakte wysheid en insig van die ouderdom [vgl. “Oue van dae” 1953-vertaling Daniël 7:9].
3. Die Here se oë kyk en sien deur alles. Daar is niks wat vir Hom weggesteek kan word nie. Selfs die donkerste en diepste dinge wat ons in ons hart bêre, word deur die Here raakgesien.
4. Die beeld van gloeiende voete wat gebruik word, is die van metaal wat tot op die hoogste temperatuur verhit is. Dit is soos ’n gloeiende [verterende] vuur. Daarom praat die beeld van die oordeel van die Here wat alle vorme van onheiligheid en onreinheid verteer. Op die wyse vernietig die Here alles wat Hom teëstaan.
   En sy stem soos die gedruis van ’n groot watermassa?
   Hierdie beeld druk die Here se mag en majesteit uit.
5. In Openbaring 1:16, 2:12,16 en 19:15 en 21 word die Woord van God as ’n swaard voorgestel. Die lem van die swaard het twee skerp snykante wat beteken dat die Woord ingrypend en veroordelend insny in mense se lewens. Maar die krag van die Woord is nog meer as dit. Het u opgelet dat Jesus Christus in Johannes 1:1 en Openbaring 19:13 self die Woord van God genoem word? Dit gryp terug na die begin [Genesis 1] waar God die skepping met die Woord begin het en met die herskepping alles afrond en voleindig. Jesus Christus beheer dus die skepping deur sy Woord.
6. In vers 11 ontvang Johannes die opdrag om op te skryf in die algemeen. In vers 19 gee die Here vir hom die inhoud wat hy moet gaan opskryf. Hy moet op drie sake Let: wat hy gesien het
   wat nou daar is

wat hierna gaan gebeur.

Toegepas op Openbaring beteken dit die volgende:

- Wat hy gesien het – dui op die visioen van die verheerlikte Christus [Hoofstuk 1].
- Wat nou daar is – dui op die situasie van die sewe gemeentes in Klein-Asië [Hoofstuk 2-3].
- Wat hierna gaan gebeur – verwys na die toekomstige gebeure soos dit ontplooi word in Hoofstuk 4-22.

7. Sommige Skrifverklaarders verstaan die engele van vers 20 as hemelse wesens. Hulle motivering is dat daar 175 keer in die Nuwe Testament en 67 keer in Openbaring van engele as hemelwesens gepraat word [dieselfde as in vers 20]. Kyk ons egter mooi na vers 20 en veral na vers 1, lyk die saak anders. In vers 1 word die openbaring gegee vanaf God die Vader, na Jesus, na ’n engel, na Johannes en dan eers na die gemeente. Indien vers 20 ’n engel as hemelwese sou wees, sou die volgorde in vers 1 soos volg lyk: God die Vader, na Jesus, na Johannes, na ’n engel, na die gemeente.

   In die tweede plek praat die Griekse taal wel by geleentheid van engele, maar dan word daarmee menslike boodskappers bedoel [Matt.11;10, Mark.11:2]. ’n Goeie vertaling vir vers 20 sou met ander woorde die Boodskappers van die gemeentes wees.

****